Saptu Head Office

From: SAPTU Stellenbosch <saptu@sun.ac.za> [saptu@sun.ac.za]
Sent: 13 October 2008 01:27 PM
To: carina@dennegeur.co.za
Cc: info@saptu.co.za; Pierre.vanNiekerk@nwu.ac.za
Subject: Re:Successful conclusion of Wage/Salary negotiations.

Aan wie dit mag aangaan

Die Eienaar en Bestuur van DENNEGEUR BOERDERY

Hiermee wil ons,ons algehele dankbaarheid uitspel ten opsigte van 'n baie geslaagde ronde van Loon en Salaris onderhandelinge.

Die daaropvolgende gesinsdag wat plaasgevind het op Vrydag 10 Oktober,08 soos deur uself as die eienaar en bestuur gereel, het weereens gewys dat daar nog baie goeie individue en plaaseienaars is in hierdie land van ons wat waarlik waar omgee vir hul mense.
Wat ook baie insiggewend en bemoedigend was,was die feit dat u-hulle selfs aansporings pryse uitgedeel het waarin die werkers die vrugte van hul harde, jaarlikse werk kon aanskou in sigbare gebare van bestuur se kant af soos vervat in hul aansporingspryse.Vir ons as Unie verteenwoordigers wat ook teenwoordig was,was dit voorwaarlik 'n riem onder die hart om dit te aanskou.Met u-hulle se toe- stemming en goedkeuring wil ons as 'n unie graag u-hulle as 'n voorbeeld gebruik,vir so vele ander plase in ons omgewing en omdat ons ook by die Departement van Landbou en Grondsake,maandeliks verteenwoordig is op die vergaderings, wil ons u plaas onder die aandag bring van die Departement vir die goeie werk wat u-hulle doen vir die opheffing van u-hulle se plaasgemeenskap.

Ons het dan ook fotos geneem wat ons op ons webwerf wil plaas en die gelukkigheid wat in die werkers en hul kinders se oe weer- spieel was.Vir ons as unie verteenwoordigers was dit waarlik 'n riem onder die hart.

Wees ten alle tye verseker van ons algehele samewerking,met u en u werkers-verteenwoordigers,vir volhoubare en voortgesette arbeidsverhoudinge om u 'n top-presteerder te maak met u mededingers.

Hartlike Groete

Cornelius Boonzaaier - SAPTU - Administratiewe Assistent

Daniel Olyn;Lucas Phacwana - SAPTU (WES-KAAP) asook SAPTU-HOOFKANTOOR

No virus found in this incoming message.
Checked by AVG.
Version: 7.5.524 / Virus Database: 270.8.0/1721 - Release Date: 2008/10/12 12:00 PM